education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## ADDISIONELE MODEL 2008

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk vir 2008, wat soos volg is:

   VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP:

   - Die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika?

   VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP AFRIKA?

   - Refleksie en hervoorstelling van die nasie in die 1990's – 'n gevallestudie uit Sentraal-, Wes- of Noord-Afrika.

   VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKA AS 'N DEMOKRASIE VANUIT DIE KRISISSE VAN DIE 1990's VERRYS?

   VRAAG 4: HANTERING VAN DIE VERLEDE EN KYK NA DIE TOEKOMS: DIE DIE WERK VAN DIE WAARHEID- EN- VERSOENINGS-KOMMISSIE

2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag toegeken word.

3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord.

4. In die beantwoording van vrae behoort die kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.

5. Die blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

6. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJET-UNIE GEHELP OM POLITIEKE VERANDERING IN SUID-AFRIKA TE BESPOEDIG?**

Bestudeer Bron 1A, 1B en 1C en beantwoord die volgende vrae.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Watter bewyse is daar in die bron wat daarop dui dat onderhandelinge tussen die ANC en die NP moontlik was? (2 x 2) (4)

1.1.2 Verduidelik waarom die skrywer die ANC met kommunisme verbind. (1 x 2) (2)

1.1.3 Hoe is FW de Klerk, volgens die skrywer, deur die ineenstorting van die Sowjet-Unie bevoordeel? (2 x 2) (4)

1.1.4 Verduidelik of hierdie bron as betroubaar beskou kan word deur 'n historikus wat die impak van die ineenstorting van die Sowjet-Unie op Suid-Afrikaanse politiek bestudeer. (5)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Hoe het die ineenstorting van die Sowjet-Unie die blanke minderheidsregering geaffekteer? (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)

1.2.2 Verduidelik of die ineenstorting van die Sowjet-Unie die ANC verswak het. (1 x 2) (2)

1.2.3 Watter boodskap word deur die plakkaat oorgedra? (Visuele bron) (1 x 2) (2)

1.2.4 Wie se standpunt is waarskynlik uit die visuele bron weggelaat? (1 x 2) (2)

1.2.5 Hoe word die inligting in die geskrewe bron deur die visuele bron ondersteun? (2 x 2) (4)

1.3 Lees Bron1C deur.

1.3.1 Verduidelik wat die skrywer bedoel met: 'Ons ... het daarom 'n invloed groter as ons grootte gehad.' (1 x 2) (2)

1.3.2 Watter bewyse is daar in die bron wat daarop dui dat die ineenstorting van die Sowjet-Unie 'n negatiewe impak op die SAKP gehad het? (2 x 2) (4)

1.3.3 Verduidelik hoe dit vir die SAKP moontlik was om te oorleef ten spyte van die ineenstorting van die Sowjet-Unie. (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik die inligting in die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (60 woorde) om te verduidelik waarom dit die val van kommunisme gekos het vir die NP om sy ongenaakbare houding teenoor die ANC te laat vaar. (6)

1.5 UITGEBREIDE SKRYFSTUK (Jou antwooord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.5.1 OF 1.5.2.

1.5.1 Bespreek hoe die ineenstorting van die USSR gehelp het om politieke verandering in Suid-Afrika te bespoedig. (30)

**OF**

1.5.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n hoofartikel vir jou plaaslike koerant waarin jy die wyse waarop die ineenstorting van die Sowjet-Unie die politieke aansien van Suid-Afrika verander het, analiseer. (30)

**[75]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE VAL VAN DIE SOWJET-UNIE TOT DIE HERVOORSTELLING VAN ANGOLA AS 'n VOLK BYGEDRA?**

Bestudeer Bron 2A, 2B en 2C om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Watter land het Angola as 'n kolonie geregeer? (1 x 1) (1)

2.1.2 Wat, volgens die bron, was die redes vir die ondertekening van die Alvor-ooreenkoms? (1 x 2) (2)

2.1.3 Waarom dink jy het die Verenigde State van Amerika en die Sowjet-Unie by Angolese sake ingesleep geraak? (2 x 2) (4)

2.1.4 Verduidelik of dit vir Suid-Afrika geregverdig was om die spanning in Angola te verhoog. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Hoe het die beeindiging van die Koue Oorlog die situasie in Angola beïnvloed? (1 x 2) (2)

2.2.2 Verduidelik die betekenis van die ooreenkoms wat in Desember 1988 onderteken is. (3)

2.2.3 Definieer die volgende in jou eie woorde:

(a) Eenparty-regering

(b) Multiparty-demokrasie (2 x 2) (4)

2.2.4 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron vir 'n historikus wat die geskiedenis van Angola bestudeer. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Waarom dink jy het die politieke vyande, Jonas Savimbi en Dos Santos, in September 1992 vergader? (Foto 1) (1 x 3) (3)

2.3.2 Verduidelik die belangrikheid van Foto 1 in die lig van die voorgestelde verkiesing in Angola. (1 x 2) (2)

2.3.3 Wat sê Foto 2 vir jou oor die verkiesing? (1 x 2) (2)

2.3.4 Tot watter mate is Foto 1 en 2 'n betroubare voorstelling van die verkiesingsproses in Angola? (2 x 2) (4)

2.3.5 Verduidelik hoe Bron 2C (Foto 1 en 2) Bron 2B met betrekking tot die verkiesingsproses komplementeer. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.4 Gebruik die inligting in die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om te verduidelik hoe Angola 'n slagoffer van die Koue Oorlog geword het. (6)

2.5 UITGEBREIDE SKRYFSTUK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.5.1 OF 2.5.2.

2.5.1 Die beëindiging van die Koue Oorlog het belangrike veranderinge in Afrika teweeg gebring.

Stem jy saam? Bespreek die bostaande stelling krities deur na 'n gevallestudie van EEN van die volgende streke te verwys:

(a) Sentraal-Afrika

(b) Wes-Afrika

(c) Noord-Afrika (30)

**OF**

2.5.2 Gebruik die inligting in die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag vir 'n historiese tydskrif, *Afrika Ontwaak,* oor hoe die beëindiging van die Koue Oorlog tot die hervoorstelling van Angola as 'n nasie in die 1990's bygedra het. (30)

**[75]**

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET SUID-AFRIKA VOOR DIE EERSTE DEMOKRATIESE VERKIESING IN 1994 IN DIE GESIG GESTAAR?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Waarom was dit volgens Bron 3A nodig om samesprekings in Maart 1993 te hervat? (2 x 1) (2)

3.1.2 Verduidelik of jy die voorstelle wat deur Joe Slovo gemaak is as prakties en wys sou beskou. (2 x 2) (4)

3.1.3 Op watter manier het die ANC 'n verskuiwing in sy posisie, met betrekking tot mag, gemaak? (2 x 1) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar op die betekenis van die verklaring: 'In belang van rekonstruksie en vrede ... 'n nuwe grondwet', wat deur die ANC aan sy 14 streke uitgereik is. (1 x 3) (3)

3.2 Lees Bron 3B deur.

3.2.1 Verduidelik waarom Winnie Mandela skepties (onseker) oor kompromie en magsdeling was. (2 x 2) (4)

3.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik of Winnie Mandela se vrees dat 'die nuwe regering ... dieselfde klasseverdeling .... as die Nasionale Party' sou verteenwoordig, geregverdig kan word. (1 x 3) (3)

3.3 Vergelyk Bron 3A en 3B.

3.3.1 Verduidelik hoekom jy dink dat Joe Slovo en Winnie Mandela verskillende sienings oor die magskwessie gehad het. (2 x 2) (4)

3.3.2 Watter van die twee bronne (3A of 3B) dink jy sou 'n historikus as meer bruikbaar beskou? Verduidelik. (1 x 3) (3)

3.4 Bestudeer Bron 3C.

3.4.1 Waarom was die eerste stembrief volgens Mandela so betekenisvol vir Suid-Afrika? (2 x 1) (2)

3.4.2 Lewer kommentaar op die betekenisvolheid van Mandela se stelling: 'Ons is een nasie.' (1 x 2) (2)

3.4.3 Gebruik jou eie kennis en die inligting in Bron 3C en verduidelik waarom Nelson Mandela die eerste keer by Ohlange Hoërskool in KwaZulu-Natal gestem het. (1 x 2) (2)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron as bevestiging dat die meeste Suid-Afrikaners dieselfde oor die verkiesing gevoel het. (2 x 2) (4)

3.5.2 Tot watter mate komplementeer Bron 3C en 3D mekaar met betrekking tot die eerste stemming? (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (60 woorde) om te verduidelik waarom die demokratiese verkiesing van 1994 'n betekenisvolle keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika was. (6)

3.7 UITGEBREIDE SKRYFSTUK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.7.1 OF 3.7.2.

3.7.1 Bespreek die uitdagings wat Suid-Afrika voor die eerste demokratiese verkiesing in 1994 in die gesig gestaar het. (30)

**OF**

3.7.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel vir jou plaaslike koerant om te verduidelik waarom die 1994-verkiesing as 'n 'onvergeetlike gebeurtenis' beskou kan word. (30)

**[75]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4: WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN DIE HANTERING VAN DIE VERLEDE EN DIE AANVAARDING VAN DIE TOEKOMS?**

Bestudeer Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord.

4.1 Verwys na Bron 4A.

4.1.1 Verduidelik wat met *openbare verhore* bedoel word. (1 x 2) (2)

4.1.2 Hoe het die WVK van 'n normale hof verskil met betrekking tot die wyse waarop dit die slagoffers behandel het? (2 x 2) (4)

4.1.3 Volgens die bron was daar 'n risiko dat ''n gebrekkige of valse weergawe van die waarheid kon uitkom'. Gee DRIE redes waarom dit moontlik was. (3 x 2) (6)

4.1.4 Verduidelik of Tom Lodge se kritiek teen die WVK geregverdig was. (2 x 2) (4)

4.2 Raadpleeg Bron 4B.

4.2.1 Wat is die boodskap wat die spotprenttekenaar met betrekking tot Suid-Afrika se verlede probeer oordra? (1 x 2) (2)

4.2.2 Hoe word die gebeure in die spotprent (Bron 4B) deur Bron 4A ondersteun? (2 x 2) (4)

4.2.3 Verduidelik of 'n historikus hierdie bron as 'n betroubare bron sou oorweeg, ten einde meer oor Suid-Afrikaners se houding teenoor die WVK uit te vind. (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer Bron 4C.

4.3.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe Antonette Sithole by die WVK betrokke geraak het. (1 x 3) (3)

4.3.2 Waarom was Antonette teleurgesteld in die WVK se bevindinge oor haar broer se dood? (2 x 1) (2)

4.3.3 Verduidelik of Antonette met haar kritiek oor die werk van die WVK regverdig was. (2 x 2) (4)

4.3.4 Verduidelik tot watter mate Antonette se siening oor die WVK met dié van Tom Lodge (Bron 4A) ooreenstem. (2 x 2) (4)

4.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (60 woorde) om die tekortkominge van die WVK te verduidelik. (6)

Kopiereg voorbehou 

4.5 UITGEBREIDE SKRYFSTUK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.5.1 OF 4.5.2.

4.5.1 Bespreek hoe die WVK probeer het om die wonde van die verlede te heel en om die land op 'n beter toekoms voor te berei. (30)

**OF**

4.5.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel in antwoord op die volgende hoofopskrif in jou plaaslike koerant: 'Die WVK was die enigste manier waarop Suid-Afika sy pynlike verlede kon hanteer.' (30)

**[75]**

**TOTAAL: 150**